education

Department: Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## MODEL 2008

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip (VRAAG 1) | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3) | (40 punte) |

3. Lees die instruksies by AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is, in die MIDDEL van die bladsy.


5. Trek 'n streep dwarsoor die bladsy na elke afdeling.

6. Beplan jou tydindeling.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: LEESBEGRIP – TYDSKRIFARTIKEL**

- Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.




# UIT DIE MOND VAN 'N ERVARE LEERMEESTER

1. "Ek het oor die jare al vreeslike dinge op die pad ervaar," vertel Fred Jacobs. Wat hom die meeste irriteer, is die manier waarop ander motorryers hóm aankyk! Só asof dit sý skuld is wanneer sy leerders sommer skielik voor 'n ander motor indraai. Die vloekwoorde en die tekens wat darem al vir hóm gewys is … ! "Het húlle dan nie óók leer bestuur nie?" vra Fred kwaad.

2. So gepraat van leer bestuur. Sê jy: "Links!" draai hulle regs. Sê jy: "Regs!" draai hulle links. 'n Mens raak ook gewoond daaraan dat 'n leerder skielik stop vir énige streep. Nou die dag het so 'n oulike dogter rem getrap waar daar nié eens 'n streep geverf was nie! Die pad was net duidelik donkerder waar die ou en die nuwe teer bymekaarkom. Mense wat net begin bestuur en 'n sirkel nader, raak ook dikwels senuweeagtig. Hulle begin om die sirkel ry, maar is dan te bang om die stuurwiel weer reguit te draai. Dan ry hulle óm en óm die sirkel met oë wat ál wyer rek!

3. Terug in die "kamp" – die bestuurskool se mini-toetsterrein – gebeur daar ook vreemde dinge! "Soos die matriekseun wat teen die opdraande moes stilhou. Hy't mooi stilgehou en die handrem opgetrek. Goeie beheer. Die motor het nie agteruit beweeg nie. Ek sê jou – nie één sentimeter vorentoe óf agtertoe nie! Hy het ook mooi links en regs gekyk vir aankomende verkeer en trek toe weg teen 'n spoed! In trurat!" sê Fred terwyl hy net sy kop skud. Wanneer 'n leerder 'n rooi verkeerslig nader, kom die ou-ou vraag: "Moet ek stop?" Of as dit groen is: "Kan ek maar ry?"

4. "Party mense leer vinnig, ander stadig en ander nooit nie," sê Fred. Elke les met Fred duur 'n uur en party mense kan na amper agt uur 'n lisensietoets slaag. Ander kom vir omtrent tien, twintig lesse en dan dop hulle nog steeds! Dis ook nie nét jong mense wat kom vir lesse nie. 'n 67-jarige dame moes leer bestuur nadat haar man gesterf het. Sy was 'n vinnige leerder. Dan het hy ook 'n doofstomme en 'n Chinees wat glad nie Engels verstaan nie, geleer bestuur. Hoe? "Met gebaretaal," antwoord Fred.

[Verwerk uit: *Rapport-Tydskrif*, 22 Junie 1997]

**WOORDEBOEKGEBRUIK**

**rem** s.nw. (-me) **1** Toestel om die vaart van 'n rytuig te verminder; briek: *Die motor se remme het gefaal. Jou remme laat nasien voor 'n rit.* Eng.: brake. IsiZulu: Ibhuleki. Sesotho: Gere.

**se•nu•wee•ag'tig** , b.nw. en bw. Lig prikkelbaar, gou emosioneel; nerveus; versigtig; bangerig: *senuweeagtig word voor 'n toespraak.* Eng.: nervous. IsiZulu: Uvalo. Sesotho: Letsoalo.

**tru'rat** s.nw. **1** Rat van 'n voertuig om mee te retireer, truversnelling: *Sit die motor in trurat as jy agtertoe wil ry.* Eng.: reverse. IsiZulu: Igiyo lokuhlehlisa/Igiyo lkuhlehla. Sesotho: Go boela morago.

[Uit: *HAT* en *TWEETALIGE WOORDEBOEK*]

**VRAE:**

1.1 Wat leer Fred die mense doen? (1)

1.2 Waarom reageer die ander padgebruikers so kwaai teenoor Fred? (1)

1.3 Hoekom behoort padgebruikers nie so lelik op te tree nie? (paragraaf 1) (1)

1.4 Waarom het die dogter sommer skielik gerem? (1)

1.5 Haal EEN WOORD uit paragraaf 2 aan wat beskryf hoe bang die leerlingbestuurders voel. (1)

1.6 Hoe noem 'n mens die plek waarheen Fred die leerlingbestuurders neem voordat hulle vir die lisensietoets gaan? (1)

1.7 Waarom is die foute wat die seun gemaak het eintlik so **snaaks**? (paragraaf 3) Die woordeboekgedeelte kan jou help. (3)

1.8 Waarom vra die leerlingbestuurders sulke dom of onlogiese vrae? (paragraaf 3) (1)

1.9 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Fred is 'n baie geduldige leermeester. (1)

1.10 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.9 met TWEE voorbeelde uit paragraaf 4. (2)
**[13]**

**EN**

**VRAAG 2: LEESBEGRIP – ADVERTENSIE**


- Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

# Elke groot gees moet êrens begin

1. Vandag se moderne Einstein moes sy of haar briljante loopbane êrens begin het. Ons sal nie verbaas wees as hierdie suksesstorie begin het met 'n *Smart Start*-rekenaar nie!

2. Die *Smart Start*-rekenaar motiveer kinders om daardie eerste belangrike tree te gee om die hoogste sport in die lewe te bereik.

3. Met tien prettige leeraktiwiteite soos wiskunde- en musikale speletjies is dit geen wonder dat *Smart Start* jou vyf- tot agtjarige kind 'n slim begin gee nie. Dit het 'n maklike sleutelbord en 'n boek met 150 vrae wat taalvermoë help ontwikkel.






SmartStart
VTECH® VIDEO TECHNOLOGY
EDUCATIONAL ELECTRONICS

4. As mense jou kind vra waarom hy of sy so suksesvol is, kan jou kind met trots sê: "Ek het 'n slim begin gemaak ... met *Smart Start*!"

**Gee jou kind die voorsprong met Smart Start**

Te kry by die voorste speelgoed- en rekenaarwinkels

[Saamgestel uit: *Huisgenoot*, 14 Februarie1989]

**VRAE:**

2.1 Voltooi: 'n Persoon wat briljant is en uitblink in 'n sekere beroep, word baiekeer 'n ... genoem. (paragraaf 1) (1)

2.2 Watter EEN WOORD (paragraaf 3) sê dat jong kinders dit sal geniet om met die *Smart Start*-rekenaar te leer? (1)

2.3 Aan watter TWEE vakke stel *Smart Start* 'n kind bekend? (2)

2.4 Watter ideaal het elke ouer vir sy kind? (paragraaf 2) (1)

2.5 SITUASIE: 'n Ma en 'n pa wil vir hulle 5-jarige kind 'n *Smart Start*-rekenaar koop.
VRAAG: By watter soort winkel sal hulle na dié present begin soek? (1)

2.6 Drie van die antwoorde hieronder voltooi die volgende sin KORREK. Watter EEN van die antwoorde is NIE korrek NIE? Kies die antwoord en skryf slegs die letter langs die vraagnommer in die ANTWOORDEBOEK neer.

Die opskrif, *Elke groot gees moet êrens begin*, is in groot letters gedruk omdat dit ...

A die hoofopskrif van die advertensie is.
B die idee van 'n groot gees wees, uitlig.
C wil sê dat grootmense slim geeste is.
D ons aandag na die advertensie wil trek. (1)

**[7]**

**EN**

## VRAAG 3: LEESBEGRIP – FEESPROGRAM

- Lees die onderstaande deel uit die feesprogram van die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees en beantwoord die vrae.

ABSA KKNK
KLEIN KAROO NASIONALE KUNSTEFEES

Kuier in Klein-Karoo
Klein Karoo Nasionale Kunstefees

*Kuier saam met die*
***Soweto String Quartet***
*by die KKNK*

- Die ***Soweto String Quartet*** is, soos Ladysmith Black Mambazo, een van ons land se uitvoerprodukte.
- Hulle bied vermaak vir die hele gesin.

Sandile Khemetse is die eerste violis en daarom ook die leier. Sy ouer broer, Reuben, speel die tjello en hulle jonger broer, Thami, is die tweede violis. 'n Ou skoolvriend, Makhosini Mnguni, speel die altviool. Die kwartet speel van tradisionele ritmes tot township-jazz, van popliedjies tot jazz en ook klassieke musiek.

Net Sandile en Reuben was jare lank lede van die jeug- en die simfonie-orkes in Soweto. Sandile het 'n beurs gekry om musiek in Engeland te gaan studeer. Toe hy na ses jaar teruggekeer het, het hy sy eie ensemble-groep begin.

Hulle het opgetree tydens oudpresident Nelson Mandela se inhuldiging en dit het hulle lewens heeltemal verander. Die *Soweto String Quartet* tree deesdae selde in Suid-Afrika op. Dit is dus 'n kompliment vir die KKNK dat hulle kom kuier!

[Saamgestel en verwerk uit: *Feesgids KKNK*, 2006/2007, *Keur*, 26 Maart 1999 en *Beeld*, 7 Junie 2001]

**VRAE:**

3.1 Watter ooreenkoms is daar tussen die *Soweto String Quartet* en Ladysmith Black Mambazo? (1)

3.2 Wie sal volgens die organiseerders van die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees die *Soweto String Quartet* geniet? (1)

3.3 Waarom is Sandile Khemetse die leier van die *Soweto String Quartet*? (1)

3.4 Noem TWEE verskillende soorte musiekinstrumente wat deur die lede van die *Soweto String Quartet* bespeel word. (2)

3.5 Drie van die antwoorde hieronder voltooi die volgende sin KORREK.
Watter EEN van die antwoorde is NIE korrek NIE? Kies die antwoord en skryf slegs die letter langs die vraagnommer in die ANTWOORDEBOEK neer.

Die vier lede van die *Soweto String Quartet* ...

A is elkeen baie talentvol.
B speel 'n groot verskeidenheid musiek.
C is vandag wêreldberoemde musikante.
D het in 'n jeug- en 'n simfonieorkes gespeel. (1)

3.6 Watter geleentheid het bygedra om die *Soweto String Quartet* beroemd te maak? (1)

3.7 Waarom is dit spesiaal dat die *Soweto String Quartet* by hierdie kunstefees gaan optree? (1)
**[8]**

**EN**

**VRAAG 4: VISUELE GELETTERDHEID – STROKIESPRENT**

- Lees die onderstaande strokiesprent oor dr. Duncan en sy seun, Jeremy, en beantwoord die vrae.




[Uit: *Beeld*]

4.1 Watter liggaamstaal van dr. Duncan in Raampie 1 pas by die woorde wat hy sê? (1)

4.2 Waarom is daar 'n donker wolk bo dr. Duncan se kop in Raampie 3? (1)
**[2]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 5: HOOGTEPUNTE UIT DIE REISPROGRAM: DAG 2 – DAG 8

- Som die belangrikste hoogtepunte, een per dag, vir dae 2 – 8 op.
- Skryf jou SEWE sinne puntsgewys onder mekaar neer, van dag 2 tot dag 8.
- Skryf jou eie volsinne.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy baie meer as 70 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

# 'n Avontuur in die Oos-Kaap

**'N SPROKIESTOER**

**PRYSE:**
**Senior burgers R2 425**
**Ander volwassenes R2 900**
**Oorsese gaste R3 075**

**DATUM:**
**3 – 11 April 2007**

## REISPROGRAM

**DAG 1: VAN JOHANNESBURG – COLESBERG**
Vertrek vanaf Pretoria en Johannesburg na die Oos-Kaap.

**DAG 2: GRAAFF-REINET**
Ons ry deur die Karoo-Natuurreservaat en besoek Graaff-Reinet, die kosbaarste dorp in die hart van die Karoo. Jy mag nie deur die Karoo ry sonder om hierdie dorp met sy ryk verlede en unieke geskiedenis te besoek nie.

**DAG 3: MOSSELBAAI**
Dis 'n dorpie wat vinnig uitgebrei het. Besoek die skulpmuseum in die bekende Dias Museum-kompleks. Het jy ooit kon raai dat daar 'n skulpmuseum kan wees met soveel soorte skulpe?

**DAG 4: KNYSNA**
Dis nie net die plek waarheen mense stroom vir die jaarlikse oesterfees nie. Te danke aan Dalene Matthee se roman, *Kringe in 'n bos,* is die geheimsinnige Knysna-woud wêreldbekend. Die bos lok jaarliks duisende plaaslike en internasionale besoekers. Koop hier jou tydlose geelhoutaandenking – 'n ewige herinnering aan die unieke bos.

**DAG 5: ADDO-OLIFANT NASIONALE PARK**
Hier slaap ons vir net een nag. Jy hoef nie 'n hele dag deur die park te ry nie, want jy kan sommer óp jou chalet-stoep sit en kyk hoe die wild kom water drink! Die watergat is só naby dat dit 'n unieke kans bied om foto's te neem. Jy kan nou tydsaam die ander mense leer ken, want 'n mens bring nie ure op die pad deur nie.

**DAG 6: PORT ELIZABETH**
Port Elizabeth is bekend vir sy oseanarium, maar internasionale toeriste stroom deesdae hierheen om 'n ware Afrika-ervaring in die arm township, Red Location, te kom beleef. Toeriste word onthaal op tee en vetkoek of op tuisgemaakte bier in kalbasse. Die kinders sing Madiba-liedere en dra tradisionele klere.

**DAG 7: ALIWAL-NOORD**
Op pad Aliwal-Noord toe wag daar 'n verrassing op die senior burgers. Ons stop by die warmwaterbronne in Aliwal-Noord. Enigiemand met rumatiek of 'n moeë lyf kan hier kom uitspan.

**DAG 8: VAN ALIWAL-NOORD – CLARENS – JOHANNESBURG**
Op pad terug stop ons by Clarens – 'n kunstenaar- en kosmekka. Clarens bied unieke plattelandse inkopie-ervarings. Rondom die plein koop jy enige iets van handgemaakte lekkerruikgoed, juwele en leeritems tot lekker tuisgemaakte eetgoed. Hier koop jy jou laaste geskenke vir almal by die huis!

**OM TE BESPREEK:** Skakel Impala Toere by tel. 011 974 6561 of selfoon 082 653 0065.

[Aangepas en verwerk uit: *Rapport-Tydskrif*, 5 Januarie 1997]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 6: STROKIESPRENT

- Lees die strokiesprente wat volg by elke stel vrae.




[Uit: *Rapport*, 2 April 2000]

- Voltooi die paragrawe in die linkerkantste kolom met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord in jou antwoordeboek neer.

| | | |
|---|---|---|
| Ben storm by die voordeur in en dadelik begin hy en Babsie (6.1 argument). | 6.1 | Gee die korrekte vorm van die woord. |
| Ben en Babsie stry dikwels oor hulle (6.2 verantwoordelikheid). Ben is duidelik (6.3 baie kwaad), maar Babsie dink dat haar dag nie (6.4 min) ernstig was nie! | 6.2<br>6.3<br>6.4 | Gee die meervoud.<br>Gee die intensiewe vorm.<br>Gee die vergrotende trap. |
| Ben is ontsteld (6.5 aan/na/oor) sy motor se pap wiel, maar die arme Babsie (6.6 kommer) haar weer oor haar (6.7 gebreek) wasmasjien. | 6.5<br>6.6<br>6.7 | Kies die korrekte voorsetsel.<br>Gee die korrekte vorm van die woord.<br>Gee die korrekte vorm van die woord. |
| Dit is duidelik dat dit vir altwee baie (6.8 goedkoop) gaan wees om al hulle probleme op te los! Dit (6.9 klink/klank) asof hulle met mekaar kompeteer. | 6.8<br>6.9 | Gee die antoniem.<br>Kies die korrekte woord met die hulp van die woordeboek.<br>**klank** s.nw. (-e) **1** Geluid wat die gehoor tref: *'n Harde, sagte klank hoor.*<br>**klink** ww. (geklink) **1** Duidelik, dikwels helder geluid of klank gee: *Die stemme van die kinders klink deur die huis.* |
| Wie (6.10 sy/s'n/se) probleem is erger in (6.11 vgl.) met die ander persoon se probleem? | 6.10<br>6.11 | Kies die korrekte woord.<br>Skryf die afkorting uit. |
| Ben én Babsie het 'n (6.12 aggressief) houding. Hulle luister ook maar met 'n halwe (6.13 gedagte/oor/kop) na mekaar se probleme. | 6.12<br>6.13 | Gee die korrekte vorm van die woord.<br>Kies die korrekte woord om die idiomatiese uitdrukking te voltooi. |
| Die twee (6.14 mense wat met mekaar getroud is) moet eintlik 'n volwasse gesprek met mekaar kan (6.15 voer/uitruil/bied). | 6.14<br>6.15 | Gee EEN woord.<br>Kies die korrekte woord om die uitdrukking korrek te voltooi. |
| Die gat in die motor se uitlaatstelsel is (6.16 dalk) nou nie só 'n ou klein (6.17 gat) nie, maar Babsie moet nog vertel van die gat in haar rok! Sy moet egter (6.18 herken/erken/verken) dat sy self die gat in haar rok gebrand het! | 6.16<br>6.17<br>6.18 | Gee die sinoniem.<br>Gee die verkleiningsvorm.<br>Kies die korrekte woord. |
| Met 'n bietjie (6.19 saam + werking) tussen die twee kan hulle hulle probleme oplos, want hulle is beslis nie meer (6.20 (21)) jaar oud nie! | 6.19<br>6.20 | Gee EEN woord.<br>Skryf die getal, (21), uit in woorde. |


(20)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ben en Babsie skree dan verder op mekaar. | | | |
| • Ben sê dat (6.21"Jy het nie 'n spoedboete van R300 gekry soos ek nie."). | 6.21 | Skryf in die indirekte rede. | (2) |
| • (6.22 'n Grypdief steel Babsie se handsak.) | 6.22 | Skryf in die verlede tyd. | (1) |
| • Aangesien (6.23 Ben het geld op die aandelebeurs verloor. Hy is baie omgekrap.). | 6.23 | Verbind die twee sinne soos aangedui. | (2) |
| • Die aandete (6.24 Babsie het die aandete verbrand.). | 6.24 | Skryf die sin in die lydende vorm. | (1) |
| • Ben het nie geld nie; dus (6.25 hulle kan nie uiteet nie). | 6.25 | Gee die korrekte woordorde. | (1) |
| • Volgens Babsie moet Ben geld kry om (6.26 maak die swembadpomp reg). | 6.26 | Voltooi die sin in die infinitief. | (1) |
| • Ben het (6.27 by die werk/daardie oggend) gehoor dat hy sy werk verloor het. | 6.27 | Gee die korrekte woordorde. | (1) |
| • (6.28 Dit is die gróót rede vir Ben se slegte bui.) Die antwoord? Die feit dat hy afgedank is! | 6.28 | Verander die sin in 'n vraag. | (1) |
| • Die maatskappy was onregverdig! Hulle was beslis nie (6.29 onregverdig). | 6.29 | Voltooi die sin korrek in die dubbelnegatief. | (2) |

6.30 Kyk weer na Ben én Babsie se gesigsuitdrukkings in Raampie 8 van die strokiesprent.

SITUASIE: Ben het sy werk verloor. Nou kom Babsie met nóg slegte nuus!!

VRAAG: Watter laaste ding, dink jy, kon Babsie vir Ben vertel het om Ben só te skok? (Raampie 8)
Skryf jou eie goeie volsin. (Nie meer as 20 woorde nie.) (2)




[Uit: *Rapport*, 9 April 2000]

6.31 SITUASIE: Soos in alle goeie verhoudings vra Ben en Babsie in Raampie 9 en Raampie 10 vir mekaar om verskoning nadat hulle so lelik met mekaar gekommunikeer het. (Raampie 1 tot 8)


OPDRAG: 6.31.1 Skryf jou eie goeie volsin wat **Ben vir Babsie** sê (Raampie 10) om vir Babsie om verskoning te vra. (1)

6.31.2 Skryf jou eie goeie volsin wat **Babsie vir Ben** sê (Raampie 10) om sy verskoning te aanvaar. (1)

**[36]**

## VRAAG 7: KRITIESE TAALBEWUSTHEID – STROKIESPRENT

- Lees die twee strokiesprente. Die ouer dame met die swart hare is tant Minnie, die jonger dame met die blonde hare is Babsie en haar man is Ben.




[Uit: *Rapport*, 6 Mei 2002]

SITUASIE: Tant Minnie maak 'n negatiewe, sarkastiese opmerking teenoor, Ben in die eerste raampie. Hulle is familie, woon in dieselfde huis en daarom voel Babsie baie ongelukkig, want sulke opmerkings veroorsaak spanning. Babsie wil hê dat tant Minnie haar fout moet regmaak.

OPDRAG: 7.1 Wat kan tant Minnie sê om Ben beter te laat voel? [Nie meer as 20 woorde nie.] (2)

7.2 Dink jy Ben se taalgebruik in die tweede raampie is gepas? Motiveer jou antwoord. (2)

**[4]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**